HOOFSTUK 3

# DIE OORSAKE VAN GEDRAGSAFWYKINGS EN DIE BEHOEFTES VAN GEDRAGSAFWYKENDE LEERLINGE

## 1. Inleiding

Ten einde eventueel norme vir 'n kliniekskool te bepaal moet noodwendig vasgestel word wat die behoeftes van die leerlinge van die skool is, en om die behoeftes in wese te peil moet die oorsake van gedragsafwyking deeglik ondersoek word. Hierdie hoofstuk sal derhalwe bestee word aan 'n ondersoek na die oorsake van gedragsafwykings en daaruit sal afgelei word wat die behoeftes van die gedragsafwykende leerlinge is waaraan 'n kliniekskool moet voldoen.

## 2. Die oorsake van gedragsafwykings

### (a) Spesifieke bydraes van die huisgesin tot afwykende gedrag

Talle skrywers[1] kom in die algemeen tot die eenderse gevolgtrekking, dat faktore wat die gesinsverhoudinge negatief beïnvloed gedragsafwykinge by kinders veroorsaak, met die gevolg dat baie kinders leerprobleme in hulle skoolwerk ervaar. 'n Skrywer stel dit so: „Children in emotional conflict ... come from homes filled with tension, hostility, misunderstanding, and confusion; from parents filled with guilt and selfblame for having failed in spite of great efforts to be good parents"[2]. Uit hierdie en ander bronne word die volgende oorsake slegs in breë trekke genoem:

(i) Gevoelsverwaarlosing kom voor waar liefdeloosheid tussen ouers en kinders heers as gevolg van die feit dat beide ouers werk, té veel sosiale verpligtinge saans het, of té moeg is na die dag se arbeid. Bediendes versorg sulke kinders wat verwen, egosentries en uiters selfsugtig raak, waardeur

---

1. Van Alstyne, D.A. A study of ten gifted children whose school progress was unsatisfactory in Journal of educational research, 8: 122-135, June-December, 1923; Lotz, E.R. Emotional status of the parents of problem and psychopathic children in School and society, 42(1007): 239-240, August, 1935; Richards, E.L. The elementary school and the individual child in Mental hygiene, v(4): 707-723, October, 1921.
2. Lippman, H.S. Treatment of the child in emotional conflict, p. vi.

aanpassing by verskillende situasies van 'n onbekende gemeenskap vir so 'n gevoelsverwaarloosde kind 'n pynlike en uiters moeilike saak word. In hierdie verband gebeur dit selde dat meer as een gedragsafwykende kind uit dieselfde huisgesin kom, maar kinders reageer verskillend: een kind sal bv. uiters slordig werk en moontlik glad nie met die skoolwerk vorder nie, terwyl 'n ander kind heeltemal verwen raak, té veel sakgeld ontvang, in alles sy sin kry en heeltemal dominerend en meerderwaardig word. Beide tipes bots met die onderwysers in die skool en lewer probleme op.

(ii) Kinderverwerping. 'n Kind wat deur een of albei ouers verwerp word is emosioneel onbestendig, rusteloos, ooraktief, vyandig en onverskillig teenoor die skool en die mense om hom heen[1]. Verder is die simptome wat sulke kinders openbaar dat hulle passief en sonder die nodige ywer is, en dat dit hulle aan volgehoue konsentrasie in die skoolwerk ontbreek. Sulke vertraagde kinders word ook in plekke vir pleeginrigtingsorg gevind[2]. Verskeie skrywers wys daarop dat ouers wat kinders verwerp self vertraag is of ontspoor het, en selfs a-sosiale of antisosiale gedrag openbaar[3].

(iii) 'n Abnormale ouer- en kindverbintenis. Dit is 'n abnormale gevoelsbinding en verhouding tussen ouer en kind van die teenoorgestelde geslag. In die geval van 'n seun-moederverbintenis ly sy skoolprestasies daaronder, terwyl latere kontak met meisies nadelig beïnvloed word[4]. Die dogter daarenteen verwag dikwels die voortdurende persoonlike aandag van die klasonderwyser, wat onmoontlik is. Selfs in 'n huisgesin is hierdie toestand onwenslik en nadelig, want dit kan bv. meebring dat die ander kinders die teenoorgestelde gevoelens teenoor 'n moeder en broer of suster ontwikkel. 'n Té sterk moederbinding kan lei tot verwenning en dissiplinêre probleme met gevolglike verwaarlosing en vertraging[5]. Waar die moeder- en vaderbinding ontbreek kan dit die persoonlikheidsopbou van 'n kind strem en selfs verongeluk.

---

Rienstra, Y. Kind, school en gezin, p. 67.

Litjens, G.A. De persoonlijkheidsstructuur van het gehospitaliseerde schoolkind, p. 245-247.

Vedder, R. Afwijkende kinderen in de school, p. 132, 133.

Rienstra. Kind, school en gezin, p. 70.

Aichhorn, A. Verwaarlozing en heropvoeding, p. 103, 120.

(iv) Ambivalente gevoelsverhouding tussen ouer en kind ontstaan as gevolg van 'n onewewigtige moeder wat haar kind die een oomblik toegooi met liefde en die volgende oomblik 'n ongenadige pak slae gee. Sowel die moeder as kind ervaar emosionele gesindhede van liefde en haat teenoor mekaar[1]. So 'n gevoelsverhouding is gelaai met probleme van onveiligheid by 'n kind wat gevolglik baie energie moet gebruik om sy emosionele en aggressiewe impulse te beheers. Die gevolg is dat so 'n kind baie leerprobleme[2] ervaar en magteloos is om iets daaromtrent te kan doen. Hierdie verskynsel word ook genoem „learning impotence"[3].

(v) Jaloesie tussen broers en susters[4] in 'n huisgesin belemmer die ontwikkeling van 'n kind, veral as die reaksies baie ernstig is en daarmee volhard word.

(vi) 'n Ongelukkige huweliksverhouding[5] tussen 'n vader en 'n moeder bied geen intieme liefdegeborgenheid aan 'n kind in so 'n huisgesin nie. Die rusies en uitbarstings beïnvloed so 'n kind - hy voel innerlik onseker, hy wil kant kies met die gevolg dat hy verward raak en skuldig voel. Om daagliks in so 'n atmosfeer te leef en skool te gaan veroorsaak dat die kind hom terugtrek van sy maats, en ook sy skoolwerk ly daaronder.

(vii) Die moeder wat buitenshuise loonarbeid verrig[6] om die gesinsinkome aan te vul, kan meebring dat kinders verwaarloos word. Moegheid na die dag se arbeid, sosiale verpligtinge, die vader se funksie as gesinshoof en die vele kontakte wat so 'n moeder by haar werk ervaar, kan die weg baan tot frustrasies, spanninge in die gesinskring veroorsaak, en selfs oorsaak word vir egskeiding. Dit is veral die groter kinders in 'n huisgesin wat hierdie toestand na waarde kan skat. Dit kan lei tot distansiëring en 'n volkome breuk tussen ouers en kinders.

---

1. Reed, H.B. Anxiety: The ambivalent variable in Harvard educational review, 30: 141-153, 1960.
2. Fansworth, D.L. Emotions and learning in Harvard educational review, 25(2): 95-104, 1955.
3. Rienstra. Kind, school en gezin, p. 76; Ibid.
4. Vollmer, H. Jealousy in children in American journal of orthopsychiatry, 16: 660-671, 1946.
5. Anon. Citizens growing up at home, in school ander after, p. 7.
6. Wessels, D.M. Die vrou in die beroepslewe. Die aard en omvang van vroue-arbeid in Suid-Afrika.

(viii) Ouers wat die opvoeding van hulle kinders verwaarloos[1] is 'n verskynsel wat baie kommer wek. Die gemis aan opvoeding by kinders lei tot baie wanaanpassings op vrywel alle terreine van die lewe. Die kind leer ook nie dat die gesinsverhoudinge diensbaar gemaak moet word aan die samelewing nie, daarom kan hy nie sy drifte beheers nie - dit kan selfs lei tot onbeheerbaarheid, jeugoortredings en neigings tot kriminaliteit. Kenmerke van sulke kinders is ongeordendheid, onsindelikheid, slordigheid, vernielsugtigheid en ontembaarheid.

(ix) Die plek van die kind in die huisgesin[2] hang daarvan af of so 'n kind die enigste kind, die enigste seun tussen dogters in 'n huisgesin of die omgekeerde hiervan en selfs ook die jongste kind in 'n gesin is. Die enigste kind kan die simptome soos teruggetrokkenheid, angs en selfs skuheid vertoon. So 'n kind is die slagoffer van ouerprojeksie en identifisering. Die ouers wil alles vir hom voorsê, doen en dink en die kind word onbeholpe, passief, ongemotiveerd en sonder deursettingsvermoë. Sy ouers het hom nog nie aanvaar as 'n groterwordende, opgroeiende kind en jongmens nie. Hy het inderdaad nie die geleentheid gekry om self te ontwikkel nie - hy is die sogenaamde „sissie"[3].

'n Enigste seun tussen dogters moet die familienaam en -tradisie voortdra en baie word van hom verwag. 'n Gedurige vergelyking van sy prestasies met die van sy susters lei tot kinderopstand[4] in 'n ernstige graad, wat spanninge veroorsaak en hom gedurig op die verdediging teenoor almal stel. Die jongste kind, en by name die sogenaamde laatlammetjie, verkeer in 'n bevoorregte posisie: hy word vertroetel, op die hande gedra en openbaar 'n gemaksug en wilslapte. Dit het 'n uitwerking op die kind se skoolwerk omdat hy werkskuheid aan die dag lê, alhoewel hy 'n goeie indruk maak en 'n goeie voorkoms het[5].

---

1. Stolz, L.M. Influences on parent behavior; Sewell, W.H. Infant training and the personality of the child in American journal of sociology, 58: 150-159, Sept., 1952; Orlansky, H. Infant care and personality in Psychological bulletin, 46: 1-48, Jan., 1949; Kirk, S.A. Educating exceptional children, p. 71.
2. Rienstra, Kind, school en gezin, p. 92; Winnicott, D.W. The child and the family.
3. Koch, H.L. Sissiness and tomboyishness in relation to sibling characteristics in Journal of genetic psychology, 88: 231-244, 1956.
4. Sewell, M. Some causes of jealousy in young children in Smith college studies in social work, 1: 15-22, September, 1930.
5. Kenworthy, M.E. Extra-medical service in the management of misconduct problems in children in Mental hygiene, V(4): 729, October, 1921.

(x) Toegeeflike ouers verwen hulle kinders deur alles toe te laat wat die kinders vra of wil hê[1]. So 'n kind leer nie om teleurstellings te aanvaar en te bowe te kom nie, en dat hy moet werk om iets te bekom of te besit nie. Die basiese deugde van moed, opoffering en mededeelsaamheid ken hy nie want hy is verwen met misplaaste liefde en baie geskenke. Hy is oupa en ouma se kind, gewoonlik tengerig, sieklik, miskien die enigste kind, kan hiperbegaafd en selfs die slagoffer van 'n egskeiding wees. Hierdie verwende kind buit die toestand uit en skep baie probleme vir homself, sy ouers en grootouers[2], wat selfs so ver gaan om die kind se kant te kies teen die skool wat gewoonlik in hulle oë alles teenoor so 'n kind verkeerd doen.

(xi) Oorbesorgdheid van ouers met oormatige beskerming vir kinders, of deur een ouer of deur beide, lei tot verhoogde selfstandigheid, koppigheid, parmantigheid of brutaliteit. Sulke kinders is onverskillig en nors uit blote verset teen „maternal overprotection"[3] en deur hierdie bemoeisiekheid strem ouers hulle kinders om groot te word[4]. Die kinders kom willoos en passief voor, terwyl die klastempo van die skoolwerk heeltemal té vinnig vir hulle is. Die gevolg is skolastiese vertraging[5].

(xii) Met veeleisende en strenge opvoeding[6] verwag en eis ouers dat hulle kinders dieselfde hoë status as hulleself moet bereik. Met hierdie hoë vaderidentifikasie en -projeksie word die kind gedryf tot ver bokant sy vermoëns. Sonder om bewus te wees van 'n té veeleisende en té strenge opvoeding het sy ouers hom heeltemal ontwrig. Die gevolg is negatiewe reaksies soos vrees, angs, wrok, verset en vyandigheid teenoor sy ouers wat dit, volgens hulle maatstaf, so baie goed bedoel het.

---

1. Baldwin, A.L. The effect of home environment on nursery school behavior in Child development, 20: 49-62, 1949.
2. Dreikurs, R. Hoe voedt ik mijn kind op?, p. 31, 32.
3. Levy, D.M. Maternal overprotection, p. 72, 73.
4. Dreikurs. Hoe voedt ik mijn kind op?, p. 94.
5. Staver, N. The child's difficulty as related to the emotional problem of the mother in American journal of orthopsychiatry, XX111: 140, 1953.
6. Symonds, P.M. The psychology of parent-child relationships.

(xiii) Onvolledige gesinne, vanweë egskeiding, verlating en dood, vorm 'n vrugbare bron vir vertraging van kinders[1]. Baie van die probleme van die nagelate ouer loop uit op gevoelens van jammerte wat daartoe kan lei dat die kinders nie gesag en tug wil erken nie. Wanneer 'n tweede huwelik gesluit word ontstaan die stiefkindsituasie wat die reeds bestaande emosionele versteurings intensifeer. Op hierdie fondament van spanninge en teleurstellings kan die skoolwerk en prestasies nie vorder nie. Die vorming en ontwikkeling van die kinderpersoonlikheid gaan agteruit[2].

(xiv) Wispelturigheid, teenstrydigheid, onstabiliteit en onsekerheid in die opvoedingshouding van die ouers kom voor wanneer ouers oor en weer fout vind met mekaar se maatstawwe vir die opvoeding van hulle kinders. Hierdeur word meer kwaad as goed gedoen[3]. 'n Kind ken hierdie opvoedingshouding, hy vrees en ontwyk sy ouer wat streng en hard optree en buit tegelyk die een wat sag en toegeeflik optree uit. Die gevolg hiervan is gebrekkige innerlike kontrole omdat die kind gedurig tussen twee vure beweeg wie se weë elke oomblik kruis. Hierdie lewenshouding van die ouers lei tot tweeslagtigheid van norme en dus tot inkonsekwente optrede en onstabiliteit.

(xv) Die opvoeding van die ouers self is 'n belangrike faktor in die onderrig en opvoeding van hulle kinders. Daarom sê 'n skrywer: „To cure the parents is often the best solution to the problems of a difficult child"[4] omdat ouers self met verkeerde metodes opgevoed en grootgemaak is. Dit kan 'n bose kringloop word in 'n veranderende en ingewikkelde samelewing wat uiters moeilike aanpassings en beslissings verg omdat verstandige kinders deur hulle ouers tot dom volwassenes opgevoed word[5].

(xvi) Godsdiensloosheid, kerkloos- en kerklosheid in gesinne word die voedingsbodem van gedragsafwykende kinders[6], by wie die Bybelse grondslag vir beginselvastheid, waarde-oordele en positiewe norme ontbreek. Dit lei tot onstabiliteit, innerlike stryd met gevolglike isolasie en wanaanpassings in die lewe van jong mense. (Die hele vraagstuk van anomie, dit is individuele en sosiale aspekte van normloosheid, kom hier ter sprake).

---

1. Wilmink, A.J. en Van Houte, I.C. Opvallende kinderen, p. 73-76.
2. Ibid.
3. Dreikurs. Hoe voedt ik mijn kind op?, p. 30.
4. Rambert, M.L. Children in conflict, p. 9.
5. Dreikurs. Hoe voedt ik mijn kind op?, p. 26.
6. Die Hoof van die Kliniekskool het hierdie navorsing gedoen.

(b) Die invloed van die gesin op die groei en ontwikkeling van die kind as oorsaak van gedragsafwykings.

Die aandag moet veral hier op die puberteitstadium toegespits word[1], te wete, op die ouderdomsgroep van ongeveer 14 tot 16 - 18 jaar. Uit die ken-, gevoels- en strewingslewe[2] is dit duidelik dat die puber baie probleme het wat hy in die gesin, en ook in sy alleenvlug uit die afhanklike kinderlikheid van die gesin moet verwerk. In hierdie verband moet gelet word op die waarde van ouergesag in die opvoeding en by name die gesagsfiguur van die vader ten opsigte van die volgende:-

(i) Die oorheersende vader wat in 'n magsposisie is en almal in sy gesin hiet en gebied. By die puber ontlok hierdie gedrag heftige reaksies, want dit kortwiek sy strewe na selfstandigheid.

(ii) Die bemoeisieke vader wat alles wil weet en vir almal goeie raad wil gee. Hierdie gedrag kan inisiatief en vaardigheid strem en skoolwerkprestasie negatief beïnvloed, terwyl die kind in verset en opstand kom omdat dit by hom die gevoel van verkleinering, onbeholpenheid en onmondigheid opwek.

(iii) Die hardwerkende en kompeterende vader leef slegs vir sy beroep en sien skaars iets om hom raak. Die moeder moet die plek van die vader in alles inneem. Die puber ontleed die situasie, waardeer dit, sien sy vader as swakkeling, ontwikkel 'n wrok teen hom en projekteer hom op sy moeder. Hierdie toestand kan ook in 'n onnatuurlike verhouding tussen moeder en seun ontwikkel wat enersyds kan lei tot 'n moederidentifikasie en andersyds tot seksuele wanaanpassing[3].

(iv) Die moeder in 'n onvolledige huisgesin[4] kan deur haar gedrag aanleiding gee tot afwykende gedrag by haar kinders, byvoorbeeld deur te geheg te wees aan 'n opgroeiende kind en hom soos 'n klein kindjie te behandel; deur met haar dogter te wil saamleef as 'n vriendin om haar eie jeug sodoende te herleef; deur vir haar seun 'n vriendinnetjie te probeer wees, wat normale vriendskapsverhoudinge erg benadeel, en tot seksuele probleme kan lei; en deur in haar seun die plaasvervanger van haar man te soek.

---

1. Langeveld, M.J. Ontwikkelingspsychologie, p. 39.
2. Ibid.
3. Levy, D.M. Maternal overprotection, p. 180-183.
4. Beets, N. Volwassen worden, p. 94-95, 120, 121.

Al hierdie situasies lei tot konflikte en veral die moeder van ouer kinders kan hier fouteer. Sy leef in toestande van onsekerheid, ongerustheid en kry 'n onmagsgevoel vanweë haar dubbeltaak, nl. die van vrou en moeder en die van broodwinner „in an age of anxiety". Veral vir die seun, wat vry moet word van die moederbinding, bring „identificatie-met-het-manzijn" groot gevaar van gedragsafwykings mee.

(c) Bydraes van die gemeenskap tot gedragsafwykings

Talle skrywers[1)] kom tot die eenderse gevolgtrekking dat daar 'n baie hoë mate van korrelasie bestaan tussen maatskaplike wantoestande en aanverwante verskynsels in bepaalde, veral stedelike, gemeenskappe en die voorkoms van wangedrag by kinders. Verreweg die meeste misdadigers het reeds as kinders en jeugdiges gedragsafwykinge in hulle gemeenskappe openbaar en leerprobleme in hulle skoolwerk ervaar. In die lig hiervan, en met inagneming van die groot omvang van die verskynsel, is dit slegs wenslik om die bydraes van sekere aspekte van die gemeenskap tot gedragsafwykings in breë trekke te noem:

(i) Bydrae van behuisingstoestande tot gedragsafwykings. Die aandag moet hier veral toegespits word op die invloed wat die slum- en armwoonbuurt uitoefen op die gedragswyse van 'n kind wat in sulke omstandighede opgroei en grootword. Hierdie woonbuurte bestaan uit alleenstaande huisies, skakelhuise en agterplaaskamers, wat onhigiënies, onderverhuur, oorbewoon en in baie gevalle bouvallig voorkom. Probleme van privaatheid en onsindelikheid oefen 'n groot invloed op die kinders uit.

(ii) Bydrae van die ekonomiese peil tot gedragsafwykings. In die slum-, maar ook in die armwoonbuurt, word feitlik alle wooneenhede gehuur deur persone sonder vaste werk en beroepsopleiding, geskoolde en halfgeskoolde arbeiders, pensioenarisse, moeders met kinders wie se mans hulle verlaat

---

1. Engelbrecht, G.K. Jeugmisdaadareas in Johannesburg en ander aanverwante verskynsels, p. 163; Mays, J.B. Growing up in the city. A study of juvenile delinquency in an urban neighbourhood; Albertyn, C.F. Jeugmisdaad; McLachlan, R. Kinders sonder sorg; Van Rooyen, I.J.J. 'n Ontleding van die gesinsagtergrond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van die rehabilitasie-metodes wat in die verband aangewend word; Olivier, G.F. Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg, p. 66-124.

het, ens. Die ekonomiese peil van hierdie bewoners is uiters karig, hoewel hulle slumbuurtgebonde en mededeelsaam is met voorrade soos voedsel en ook drank. Ellende, armoede en krotlewe kenmerk die daaglikse lewe van hierdie kinders, vir wie die ankers of sekerheid van ekonomiese middele vreemd is. Daar is egter ook die enkele gevalle waar kinders uit die gegoede middelklas-, die spogwoonbuurte en die woonstelgebouekompleksgebied kom, wat gedragsafwykings soos bv. verwenning openbaar sodat die ekonomiese welstand dikwels patologiese verskynsels te voorskyn roep wat die voedingsbodem vir persoonlikheidsontwikkeling strem en belemmer.

(iii) Bydrae van die sosiale lewe tot gedragsafwykings. Die gesellige verkeer tussen swakbehuisde ouers en kinders word aan bande gelê omdat daar in sodanige gesinne feitlik geen sprake van privaatheid as gevolg van oorbewoning kan wees nie. En, hoewel daar 'n merkwaardige bloedbandgehegtheid tussen ouers en kinders bestaan, is daar geen sprake van 'n gesonde ouerkindverhouding nie. Familietwiste, skinderpraatjies, allerlei smokkelkroeë, ontug- en dobbelhole, drank-, dagga- en ander verdowingsmiddelverslaafdes, boemelaars, bedelaars, prostitute ens., vertroebel die omgangslewe tussen die mense. Sulke omstandighede en patologiese toestande spoor jeugdiges direk en indirek tot wangedrag aan, en skep die klimaat vir 'n gesindheid tot, en vatbaarheid vir onwettige gedragshandelinge by die jeug[1] waarvan die simptome ingewikkeld en kompleks van aard is.

(iv) Bydrae van die godsdienstige en kulturele lewe tot gedragsafwykings. Die oorgrote meerderheid volwassenes in slum- en armwoonbuurte staan koud teenoor die kerk terwyl talle jare gelede, indien ooit, 'n kerkdiens bygewoon het. Dit gebeur selfs by aalmoesafsmekery, dat hierdie mense hulle baie geveinsdgodsdienstig voordoen, en as hulle nie in hulle doel slaag nie, word die wrewel van satan, sy trawante en sy taal jou toegesnou. In 'n atmosfeer sonder God en Sy gebod, sonder erediensbywoning, sonder katkisasie en huisgodsdiens, groei die kinders op. In sulke omstandighede kan daar ook beswaarlik sprake van kulturele ontwikkeling wees. Koerante en tydskrifte word selde gelees, behalwe die goedkoop strokies en prentverhale. Sondag is die dag vir sport en ontspanning.

---

Engelbrecht. Jeugmisdaadareas in Johannesburg en ander aanverwante verskynsels, p. 163.

(v) Bydrae van die sedelike lewe tot gedragsafwyking. Dit moet as vanselfsprekend aanvaar word dat godsdiensloosheid lei tot beginselloosheid, en tweeslagtigheid ten opsigte van die opvatting, vertolking en toepassing van waardes en norme in die praktiese alledaagse lewe. Op sy beurt bevorder dit gewetenloosheid en sedeloosheid, en uiteindelik anomie by die kind.

(vi) Bydrae van die lewensgewoontes en ontspanningslewe tot gedragsafwyking. Hierdie faset kan met reg as die hedonistiese lewenspatroon van genietinge van die slum- en armwoonbuurt bestempel word. Daar heers dikwels 'n traak-my-nie-agtige houding van fatalisme, van: „laat ons eet en drink, want môre sterf ons". Die onbestendige en oppervlakkige lewenspatroon word die erfdeel van die kinders en opgroeiende jeug. Die maats van alle kinders in so 'n milieu, waarin daar dikwels 'n groot gebrek aan gesonde ontspanningsgeriewe bestaan, is voëls van eenderse vere, want sulke verskynsels soos dobbelary, smokkelary, diefstal, buite-egtelike verhoudings, prostitusie, ens. werk aansteeklik op hulle in en bederf hulle etiese-waarde-opvattings. In sodanige atmosfeer is veral die adolessent, wat aanvaarding deur die toonaangewende groep hoog aanslaan, ernstig blootgestel aan die invloed van swak voorbeelde.

(vii) Bydrae van die lewenspatroon tot skolastiese vordering en gedragsafwyking. Die skolastiese vordering van die kinders uit bogemelde omgewing is dikwels swak. Ouers stel min of geen belang in die onderwys en opvoeding van hulle kinders nie. Oorbewoning, gebrek aan die nodige studiegeriewe, veelvuldige huislike take, gebrek aan behoorlike toesig en beheer, laataande, ondervoeding ens., is almal faktore wat belemmerend inwerk op die verwagte en potensiële vordering van kinders. Omdat beide ouers werk of vanweë ander probleme wat tevore reeds genoem is, is skoolbesoek ongereeld en lei dit tot belangeloosheid in skoolwerk. Dit lei dikwels tot skuldgevoelens, wat so 'n kind treiter en reeds bestaande skolastiese probleme vererger.

(d) Die skool as bron van gedragsafwykings

Aansluitend by wat tot dusver bespreek is, soek die ontspoorde en gedragsafwykende kind iemand teenoor wie hy sy skuld kan erken en bely as 'n vorm van ontlading: „The child wishes to discuss not only his feelings about these attitudes of his parents, but also his past traumatic events, his past failures, his past anxieties in other school experiences - a remembrance of things past which every emotionally disturbed child carries

with him"[1].

Indien hy nie so iemand vind nie, word hy: „The child whose mind is occupied with unconscious problems has no power of concentration, is dreamy, abstracted and often tearful. Discipline or punishment has no effect"[2].

In die lig hiervan word gewys op die volgende wat 'n bydrae lewer tot ontsporing en gedragsafwykinge by leerlinge:-

(i) Huisbesoek deur die onderwyser[3] is noodsaaklik want die kind in die skool moet altyd gesien word teen die agtergrond van sy huislike milieu. Kennis van huislike omstandighede is van onskatbare waarde vir die klasonderwyser, die voog- en voorligteronderwyser, omdat dit samewerking tussen skool en huis bevorder en tot voordeel van die leerling strek.

(ii) Oorlading van die onderwyser met té groot klasgroepe en te veel administratiewe pligte

'n Oorvol program maak huisbesoek onmoontlik[4], of beperk dit hoogstens tot besoeke aan die ouers van daardie leerlinge wat op pad is om te ontspoor. Sulke besoeke kan medisyne wees op die regte tyd en kan 'n bydrae lewer tot die teruglei na die normale toestand. Nadele van groot groepe leerlinge in klaskamers is dat die individuele leerling opgelos raak in of skuil agter die groep, en dat geleenthede vir individuele aandag en selfwerksaamheid in die onderwys beperk word.

(iii) Konflik tussen onderwyser en leerling

Dit belemmer die pedagogiese situasie sodat die aanbieding van die leerstof asook die leerproses dan gepaard gaan met onaangename assosiasies, wat die reaksie van die kind en sy konsentrasie om die leerstof onder die knie te kry bemoeilik[5]. Veral in die periode van 10 tot 14 jaar, wanneer die

---

1. Hirschberg, J.C. The role of education in the treatment of emotionally disturbed children through planned ego development in American journal of orthopsychiatry, XX111: 690, 1953.

2. Evans, E. The problem of the nervous child, p. 60.

3. Snyder, W.U. Do teachers cause maladjustment? in Journal of exceptional children, 14: 40-46, 1947.

4. Retief, G.M. Die onderwyser en die gedragsmoeilike kind in die voormisdadige stadium in Rehabilitasie in Suid-Afrika, 8(4): 182, September 1964.

5. Pintner, R. & Lev, J. Worries of school children in Journal of genetic psychology, 56: 67-76, 1940; Festinger, L. with the collaboration of V. Allen et. al. Conflict, decision and dissonance.

kind onrus, onsekerheid, onselfstandigheid en selfs hulpeloosheid ervaar, het hy die samewerking, leiding en hulp van 'n simpatieke, emosioneel-intellektueel-geordende[1], en gebalanseerde onderwyser, in 'n gesonde onderwyser-leerlingverhouding baie nodig. Die konfliksituasie word kronies wanneer die ouers ingryp deur vernederend en veroordelend van die onderwyser en die skool in teenwoordigheid van die kind te praat. So 'n gesindheid is die bygooi van olie op vuur, wat die hele situasie tot die nadeel van die kind oopvlek en die eerbied vir die gesagsdraer, volgens die eise van die vyfde gebod, minag. Wat die oorsake van die konflik wat die psigologies-pedagogiese opset strem en belemmer ookal mag wees, is dit gerade dat die onderwyser introspeksie toepas om uit te vind of 'n fraksie van 'n fout, wat 'n bydrae lewer tot die vertraging van so 'n leerling, nie miskien by hom lê nie.

(iv) Die probleem van die nie-skoolrype leerling

Onrypheid vir skoolwerk kan reeds in die kleuterskool problème[2] skep en die latere aanvangsonderwys bemoeilik. Probleme tydens die aanvangsonderwys kan daarop dui dat die kind 'n potensiële vertraagde is, of dat hy nog nie skoolryp is nie maar kan ook reeds die gevolg van ontsporing en gedragsafwykinge wees[3]. Van Gelder[4] noem 'n sewetal kriteria om skoolrypheid vas te stel, nl. is die kind liggaamlik voldoende ontwikkel; het hy reeds 'n mate van onafhanklikheid van sy ouers bereik; kan hy in 'n mate 'n selfstandige keuse maak in sy werk; beskik hy oor die vermoë om 'n opdrag uit te voer; toon hy 'n mate van konstantheid in arbeidsprestasie; toon hy 'n mate van geordendheid in sy persoonlike denke, handelinge en sosiale gedrag; en het sy verstandelike ontwikkeling 'n genoegsame peil bereik?

Die aanvangsonderwys is vir die beginners 'n baie ernstige saak en hoewel informeel, bly dit vir hulle vreemd en lewer dit soms onoorkomelike aanpassingsprobleme op vanweë die groot getal kinders wat tegelyk simpatieke hulp, leiding en troos nodig het. Vir party kinders is die pas té stadig en vir ander weer té vinnig[5].

---

Beets, N. De grote jongen, p. 210.

Gouws, S.J.L. Die antropologies-pedagogiese agtergrond van ortodidaktiek, p. 65.

Macfarlane, J.W.; Allen, L. & Honzik, M.P.A. A developmental study of the behavior problems of normal children between twenty-one months and fourteen years in Child development, 2, 1954; Allen, F. Psychotherapy with children, p. 50.

Van Gelder, L. Ontsporing en correctie, p. 32, 33.

Nel, B.F.; Robbertse, P.M.& Herbst, F.J.J. Heelkundige leesonderrig, 4(16): 30, 1956.

(v) Die strewe om resultate te bereik

Dit vorm en ontwikkel grotendeels die verstandelike aspek d.w.s. om kennis by te bring, terwyl die hooftaak van die skool is om die hele kind as mens van God liggaamlik, geestelik, emosioneel, volisioneel en sosiaal op te voed vir vervulling van 'n gebalanseerde persoonsroeping. As dit in 'n skool wel die geval is dat resultate ten alle koste nagejaag word, kan die stempel van dresseur[1)] op so 'n skool geplaas word, want dan word daar oor die primêre taak en roeping heen gekyk en word die hooftaak 'n drywery tot leerprestasie terwille van eksamenresultate. Onder meer wys Rienstra[2)] daarop dat sulke skole en onderwys bydra tot spanning, frustrasie en allerlei psigiese versteurings by die kind.

(vi) Gebrek aan insig in die belewingswêreld van die kind by die onderwyser

Die onderwyser moet verstaan dat die kind die fisiese werklikheid anders waarneem en interpreteer as die volwassene; dat sy belewingswêreld of totaliteit van verhoudinge waarin hy tot die wêreld staan nog in 'n groot mate tot die konkrete vlak beperk is; dat belewing van kind tot kind verskil; en dat die fantasie 'n veel belangriker rol as by die volwassene daarin speel.

Voorgaande hou die probleem in dat elke kind die leiding en onderwys op sy eie, unieke wyse aanvaar, interpreteer en verwerk. Dit kan tussen kind en onderwyser verskille in betekenis en inhoud meebring, en tot foutiewe interpretasie van kinderreaksies deur die onderwyser lei. Sodoende ontstaan spanning, angs en konflikte wat tot psigiese steurnisse lei.

(vii) Gebrek aan ware ontmoeting van kind en onderwyser

Die opvoeder-onderwyser en die kind bou saam aan 'n brug wat die kind moet verbind met die sosiale situasies in sy wêreld: die gesin, skool, skoolwerk, onderwysers, leerlinge, sport ens.[3)]. Op hierdie weg ervaar en beleef die kind tekorte soos vertraging, belemmering en agteruitgang van sy persoonlikheidsontwikkeling. Menigmaal probeer die kind met hierdie tekorte

---

Van Houte, I.C. Over den opvoeder, 40: 19, 1949.
Rienstra. Kind, school en gezin, p. 167.
Bonekamp, A. Milieu-moeilijkheden, p. 79, 252; Van den Berg, J.H. & Linschoten, J. Persoon en wereld, p. 85.

of ontsporings om sy probleemsituasies te ontvlug na 'n verborge plek wat 'n plek van rus en vrede is, omdat daar nie 'n ontmoetingsituasie met mense is nie[1].

(e) Ander oorsake van gedragsafwykinge

Saam met die vorige moet ook op die volgende gewys word as oorsake van gedragsafwykinge by leerlinge:-

(i) Die konstitusionele aspek as oorsaak van gedragsafwykinge

Die kind wat fisies swak is se gesondheidstoestand veroorsaak afwesigheid uit skool, 'n agterstand in skoolwerk en gebrekkige konsentrasievermoë wat skolastiese probleme tot gevolg het. Algemene simptome is senuweeagtige beweeglikheid, prikkelbaarheid, onrus, onbeheersdheid, sufheid, gedagtes wat dwaal ens. Hierdie simptome hou almal verband met swak leerprestasies[2].

Ondervoeding het tot gevolg dat 'n leerling lusteloos, sonder dryfkrag en konsentrasievermoë is[3]. Dit lei tot 'n agterstand by medeleerlinge en het dikwels ontsporinge tot gevolg. Dit kan ook oorsaak wees van selfbejammering en swak selfhandhawing wat emosionele versteurings veroorsaak en die kind se prestasievermoë nadelig beïnvloed. Dit kan ook lei tot kompensasie vir fisiese gebreke en tot gevoeligheid vir vermoeienis met verminderde werkvermoë[4].

Daar moet ook gelet word op liggaamsgebreke soos doofheid en gesigsgebreke wat, as dit onontdek bly, kan lei tot leermoeilikhede wat ontsporing kan bevorder[5]. Kindersiektes kan ook 'n bydrae lewer tot agterstand in skoolwerk en meewerk tot vergeetagtigheid.

---

1. Langeveld, M.J. De verborgen plaats in het leven van het kind; Van den Berg et. al. Persoon en wereld, p. 19.
2. Bruyel, W. & Van Meurs, A.F.W. Probleemkinderen, p. 22; Allen, F.H. & Pearson, G.H.J. The emotions of the physically handicapped child in British journal of medical psychology, 8: 212-235, 1928.
3. Epstein, S. & Levitt, H. The influence of hunger on the learning and recall of food related word in Journal of abnormal and social psychology, 64(2): 130-135, 1962.
4. Burt, C. The backward child, p. 164-207.
5. Linschoten, J. Psychische moeilijkheden, p. 34, 35.

(ii) Die karakteriële aspek as oorsaak vir gedragsafwykinge by veral die hipogene persoonlikheid[1]

Hierdie kinders wat in 'n hoë mate onderontwikkel gebly het as gevolg van die erflikheids- of die milieufaktore, of 'n kombinasie daarvan, oefen vanweë die aangebore defekte 'n ongewenste invloed uit op die milieu en omgekeerd. Hulle kan dikwels nie soos normale, sosiaal-sedelike persone in 'n bepaalde kulturele milieu funksioneer nie. Hierdie „straatjeug, asfaltjeug, onontplooide jeug"[2] ens. kan op feitlik alle vlakke ontspoor vanweë 'n kroniese gebrek aan 'n gesinsmilieu wat intieme liefde en geborgenheid[3], innerlike sekuriteit en stabiliteit verseker, selfs al ondervind hulle geen finansiële probleme nie.

(iii) Die emosionele aspek as oorsaak van gedragsafwykinge

Die emosioneel versteurde kind het tot 'n sekere mate ernstige probleme met sy ouers, onderwysers, ander volwassenes en ook kinders. Hulle besondere vervlegting van stemminge en emosies het 'n neerslag op hulle strewingslewe[4]. Dit kom in die algemeen tot uiting as 'n „sizable failure pattern in living"[5] by die versteurde kind „who has inner tensions and show anxiety, neuroticism, or psychotic behavior"[6]. Die emosionele steurnisse ontlok remminge in die strewingslewe van 'n kind wat uitloop op „ineffective efforts to cope with his problems .... inability to react in class, stealing, staying away from school ...."[7] ensovoorts.

Daar is baie faktore wat bydra tot emosionele ontsporing wat ten nouste met skolastiese vertraging saamhang, en daar is nie net wisselwerking tussen die faktore nie, maar hulle vervloei ook in mekaar[8]. Verder word die verskille in

---

Garbers, J. Intree in de maatschappelijke taak, p. 36.

Aichhorn, A. Verwaarlozing en heropvoeding, p. 132, 133.

Garbers. Intree in de maatschappelijke taak, p. 45.

Kuypers, A. Inleiding in de zielkunde, p. 226.

Haring, N.G. & Phillips, E.L. Educating emotionally disturbed children, p. 1.

Kirk, S.A. Educating exceptional children, p. 331.

Anon. Division of instructional services. The education of exceptional children in Arkansas, p. 41; Chaneles, F. Maladjustment as a failure of synchronization: a sociological approach to therapy in Journal of offender therapy, 4(3), 1960.

Dolch, E.W. Helping the educationally handicapped, p. 3.

graad van hierdie versteurings by 'n leerling groter namate hy na die hoër standerds in die skool vorder en „schools must recognize severe learning disabilities ... (as) symptoms of emotional disturbance or neurotic behavior"[1]. Die oorsake van emosionele versteurings lê dikwels in die huis en/of skool. So, byvoorbeeld kan drankmisbruik deur 'n ouer daartoe lei dat die kind die huisbesoek van 'n onderwyser vrees[2]. Hy verwerk die hele situasie verkeerd met die gevolg dat innerlike spanninge ontstaan. Tussen al die verwarrende vreesgedagtes wat die kind opbou, soek hy na uitvlugkanse, veral as „(the) school program brings him nothing but failure, shame, disgrace and ridicule from his peers ...."[3]. Dit beland hom in 'n ernstige konflik wat wanaanpassings tot gevolg het.

Ook emosionele skokke in die lewe van kinders moet as 'n belewingsprobleem in die belewingswêreld van 'n kind gesien, begryp, verstaan en vertolk word, want dit mag die verloop en koers van die kind se ontwikkeling heeltemal verander[4]. Die kind kon byvoorbeeld 'n twisuitbarsting tussen sy ouers beleef het, en lank daarna kan die reaksie in die vorm van onstabiliteit en ongehoorsaamheid tot uiting kom. Die gevolg hiervan is dat die kind nie meer met lus en ywer in die skool leer nie, dat hy aan nagmerries begin ly, dat hy bednatmaak en soms geld steel[5].

(iv) Die seksuele aspek as oorsaak vir gedragsafwykinge

Reeds in die voorskoolse tydperk raak sommige kinders om die een of ander rede oorbewus van hulle geslagsdele. Hierdie belangstelling is dikwels - in weerwil van pogings, dreigemente en vreesaanjaende bangmaakstories van ouers, huisdokters e.a. om hierdie abnormaliteit te keer - die aanleidende oorsaak van graadverskillende seksuele afwykinge wat kan kulmineer in algehele ontsporing vanweë vrees, angs en innerlike spanninge wat dit vergesel[6].

---

D'Evelyn, K.E. Meeting children's emotional needs, p. 91;
Cleugh, M.F. The slow learner.

Anon. Wie is 'n alkoholis? Die Vaderland, XXX111(9848), 2 Mei 1968;
Ibid. Hoe kan u die alkoholis help? Die Vaderland, XXX111(9854), 9 Mei 1968;
Ibid. Behandel die herstelde alkoholis met simpatie. Die Vaderland, XXX111 (9860), 16 Mei 1968.

D'Evelyn. Meeting children's emotional needs, p. 103.

Rambert, M.L. Children in conflict, p. 9.

Ibid.

Rambert. Children in conflict, p.134; Hartup, W.W. & Zook, E.A. Sex role preferences in 3 and 4 year old children in Journal of consulting psychology, 24: 420-426, 1960; Anon. Sexual deviations in Journal of offender therapy, 8(3), 1964; Gebhard, P.H. et.al. Sex offenders: An analysis of types.

Onanie (masturbasie) is 'n belangrike oorsaak van ontsporing want hierdie daad gaan gepaard met skuldgevoelens, angs en neerslagtigheid en kan selfs nadelige fisiese gevolge vir die kind hê. Ten spyte van 'n oormaat voorligting en leiding (deur wie ook al), kan onanie nogtans lei tot algehele ontsporing[1].

In gevalle van homoseksuele gerigtheid[2], word die heteroseksuele soms buite verhouding oorbeklemtoon om die abnormale neigings teen te werk. So, byvoorbeeld, word 'n seun soms gedwing om vriendskap met meisies aan te knoop - iets wat vir hom vreemd en onbekend kan wees in sy bestaande belewingswêreld[3]. Die reaksie van die betrokkene hierop is angs- en vreesgevoelens wat 'n innerlike konflik ontketen. Die ontwikkeling van die spontane, natuurlike en gesonde seun-meisieverhouding word daardeur belemmer en dit kan moontlik 'n oorsaak wees van die hoë persentasie egskeidings en ander huweliksprobleme. Gedragsafwykinge by kinders word derhalwe deur hierdie toestand veroorsaak wat gewoonlik gepaard gaan met blokkasies van die konsentrasievermoë van die kind. Dit skep op sy beurt, leermoeilikhede wat skolastiese remminge tot gevolg het - en so ontstaan 'n bose kringloop.

(v) Aggressiwiteit as oorsaak van gedragsafwykinge

In hierdie opsig moet veral gelet word op die intensiteit van die begeerte om seer te maak en te verniel, die graad en mate van invloed van die omgewing op hierdie neiging, en die voorkoms van angs- en skuldgevoelens wat met aggressiewe neigings geassosieer word[4]. Aggressiewe gedrag kom dikwels by kinders voor in huisgesinne waar frustrasies[5], twis, jaloesie, 'n hoë mate van kompetisie, angs, vrees, onoordeelkundige liggaamstraf[6] enso-

---

1. Rambert. Children in conflict, p. 141.
2. Anon. Die eensames in ons midde. Sarie, 20(4): 52 - 55, 24 April 1968.
3. Beets, N. Over lichaamsbeleving en sexualiteit in de puberteit, p. 161; Forel, A. Het sexueele vraagstuk, p. 180-287.
4. Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 283; Buss, A.H. The psychology of aggression; Berkowitz, L. Aggression: A social psychological analysis.
5. Mayer, N.R.F. Frustration. The study of behavior without a goal.
6. Berkowitz. Aggression, p. 288-289, 331, 332; Dollard, J. et. al. Frustration and aggression; Greenberg, P.J. Competition in children: An experimental study in American journal of psychology, 44: 221-249, 1932.

voorts die atmosfeer besoedel. Indien aggressiewe gedrag toegelaat word om onbeheersd te groei, hoofsaaklik as gevolg van té veel straf, of té veel toegeeflikheid t.o.v. 'n kind se aggressiewe gedrag, kan dit lei tot belemmering van aandag, belangstelling en konsentrasie, wat weer die leerproses en skolastiese vordering benadeel. Op sy beurt lei die swak skolastiese prestasies tot frustrasie en verhoogde aggressiwiteit.

(vi) Hiperbegaafdheid as oorsaak van gedragsafwykinge

Die hiperbegaafde kind beskik oor karakter- en persoonlikheidseienskappe, waaronder meesal ook intellektuele hoogsbegaafdheid, wat hom in staat stel om op een of meer terreine prestasies te lewer wat goed en ver bokant die gemiddelde is[1]; „ranging from bright up to genius ...."[2]. Hierdie leerlinge is dun gesaai en moet tussen die uiterstes van simpatie en antipatie, van oorskatting en onderskatting beweeg[3]. Ouers oorskat hierdie kinders - hulle word geprys, ontvang lof en groot ophef word van hulle prestasies gemaak. Onderwysers in die skool doen dieselfde, die hiperbegaafdes word verwaand met geswolle hoofde wat vol eiewaan is. Hierdie gedrag ontlok by hulle medeleerlinge antipatie en negatiewe reaksies.

Op skool vorder hulle tot standerd 8 goed sonder veel inspanning[4]. Hierna kom die ontnugtering vir etlikes - hulle het soms weinig geleer om te konsentreer, te dink, te redeneer en begrippe te vorm. Hulle beskik oor geen weerstand nie, sak uit en ontspoor. Al slaag van hulle in die matrikulasieeksamen sak hulle gewoonlik in die eerstejaar en somtyds in die tweedejaar op universiteit uit. Diesulkes presteer nie tot die mate waartoe hulle in staat is nie en die ontspoordes in hulle geledere word geteken as „a kind of intellectual delinquent who withdraws from goals, activities, and active social participation generally"[5].

---

1. Anon. Education for the gifted. Fifty-seventh yearbook of the national society for the study of education, p. 38.
2. Norsworthy, N. & Whitley, M.T. The psychology of childhood, p. 328.
3. Van Krevelen, D. Arn. Nederlands leerboek der speciële kinderpsychiatrie, p. 228.
4. Vedder, R. Afwijkende kinderen in de school, p. 38.
5. Kirk. Educating exceptional children, p. 71.

(vii) Vrees vir die toekoms as oorsaak van gedragsfwykinge

Nieteenstaande die vrug van natuurwetenskaplike ontwikkeling, tegnologiese uitvindinge en die toepassinge daarvan sodat afstand, tyd en ruimte oorwin is, leef ons vandag in 'n onsekere, onveilige en verwarrende wêreld wat veral 'n impak op die gesin, en by name op die kinders het, sodat opgroei en grootword 'n pynlike proses is. Tereg sê 'n skrywer: „Present-day youth are living in a difficult era - an age of anxiety"[1].

In hierdie omstandighede raak die kinders en jeug hoe langer hoe meer los van die basiese bindinge van die gesin, kerk, staat, skool, beroep, buurt, natuur en gemeenskap[2]. Van hierdie losgerukte jeugdiges is gebind met niks aan niks - hulle is die ontspoordes in allerlei kultusse en is die vereensaamdes op kerklike erf.

Ander jeugdiges wat skoolgaan het baie probleme ten opsigte van die keuse van 'n eie beroep, 'n moeilike en lang skoolloopbaan en die lang tydperk van finansiële afhanklikheid van ouers. In feitlik alle ander opsigte dink, voel en handel hulle selfstandig. Ook hier kan die probleem van die sg. „vaderlose tydperk" hom voordoen, wat die „expantie-mogelijkheden"[3] eerder kleiner maak vanweë die onmagsposisie, vertwyfeling en verwardheid van die jong mens.

(viii) Onsindelikheid as oorsaak van gedragsafwykinge

Gedurende die suigelingperiode vind gewenning ten opsigte van „the tasks of toilet and cleanliness training, and curbing of tantrums, destructive activity ...."[4] plaas.

Sindelikheid moet aangeleer word en die moeder is hier die eintlike opvoeder. Die kind moet leer om te gee deur sekere geringe verantwoordelikhede teenoor homself te aanvaar. Die inoefening van gedrag en sindelikheidsgewoontes kan motivering wees vir angs vanweë moontlike straf of die

---

1. Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 607; Korchin, S.J. & Levine, S. Anxiety and verbal learning in Journal of abnormal and social psychology, 54: 234-240, 1957.
2. Röpke, W. Civitas humana. A humane order of society, p. 134.
3. Beets. Volwassen worden, p. 209, 210.
4. Sears, R.R. et. al. Some child rearing antecedents of aggression and dependency in young children in Genetic psychology monographs, 47: 187, 1953; Joel, W. The influence of nursery school education upon behavior maturity in Journal of experimental education, 8: 164-165, 1939.

gewaande onttrekking van moederliefde teenoor hom[1]. Dit kan o.m. spontane urinering strem en nadelig wees vir goeie gesondheid. Onoordeelkundige optrede van die moeder kan lei tot identifisering van haar met pyn, angs, vrees en aggressie[2]. Dit bring 'n gevoel van onsekuriteit en negatiewe gevoelens teenoor die moeder mee, sodat „premature or severe toilet training may also affect the child's long-term adjustment adversely"[3]. Simptome hiervan kan wees „motor disturbances (restlessness, tics, body manipulation, speech disturbances); physical symptoms of functional origin; and emotional symptoms, for instance, pathological fear of school failure despite adequate intelligence"[4].

'n Probleem in hierdie verband is, aan die een kant, dat kinders nie leer differensieer tussen die proses van urinering en ontlasting nie en aan die ander kant, dat die funksie gekoppel word met vrees en angs. Die belangrike implikasie is vervolgens dat sommige van die emosies wat in hierdie periode in verband met die funksionering van die maag en blaas voortgebring word, verband hou met die kinderseksualiteit omdat die orgaan van seksuele funksionering en eliminasie dieselfde is. „Thus, one of the foundations of anxiety concerning sexuality in adulthood may develop during the toilet training period"[5].

Hierdie emosionele patroon by 'n kind kan mettertyd verhewig, toeneem in intensiteit en aanleiding gee tot abnormale fisiese begeerlikheid[6] wat in die rypwordingsjare kan aanleiding gee tot geestelike afstomping vanweë oordrewe belangstelling in seksuele verhoudinge, probleme en aangeleenthede.

Dikwels voel sodanige kinders hulleself as vuil, onwaardig, vol skuld en selfs ongewens. Dit veroorsaak 'n negatiewe ingesteldheid teenoor hulle self en die gevolg hiervan is ontsporing.

---

1. Sears, R.R. et. al. Some child rearing antecedents of aggression and dependency in young children in Genetic psychology monographs, 47: 187, 1953; Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 200.
2. English, O.S. & Pearson, G.H.J. Emotional problems of living, p. 105.
3. Mussen, Conger & Kagan. Child development and personality, p. 200.
4. Ibid., p. 202.
5. Ibid., p. 204.
6. Bühler, Ch. Die seelischen Entwicklung des Kindes und Jugendlichen, p.153-175.

Sindelikheidsprobleme lei tot aggressie, vyandigheid, angs, vrees en skuldgevoel en wie ookal daarin optree word die skyf van die genoemde emosionele uitbarstings[1]. Die skool is nie hiervan uitgesluit nie en ook die onderwyser val binne hierdie trefgebied want die gevolg van emosionele probleme wat volg op onsindelikheid lei tot belemmering van die leerproses, wat leermoeilikhede en skolastiese vertraging insluit.

## 3. Die behoeftes van gedragsafwykende leerlinge

Die huisgesin is die wieg van persoonlikheid[2] en vanweë die feit dat „the personality of the young child is more like an organism which is shaped by what it feeds upon"[3], het elke kind vir gesonde opgroei en groot word die basiese behoefte aan 'n gesonde gesinslewe[4]. In 'n besondere mate is dit waar van gedragsafwykende kinders, want 'n geborge huislike lewe bevorder by kinders in alle fasette van hulle groei en ontwikkeling die aanvaarding van 'n gebalanseerde persoonsroeping en dit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die normale volwasse lewe.

Gesien teen die voorgaande agtergrond kan die behoeftes van gedragsafwykende leerlinge soos volg saamgevat word: behoeftes spruitende uit die gesinslewe, behoeftes spruitende uit die groei en ontwikkeling van die kind, behoeftes spruitende uit die gemeenskap en maats en behoeftes ten opsigte van die skool.

### (a) Behoeftes spruitende uit die gesinslewe

(i) Die gevoelsversorging van gedragsafwykende leerlinge is 'n basiese behoefte - 'n natuurlike uitvloeisel en handeling van die ouerliefde in 'n huisgesin. In hierdie liefdegemeenskap is die moeder die swaartepunt. Sy is goed toebedeel vir haar taak en roeping as vrou en moeder. Saam met die vader moet sy die sekuriteitsgevoel voed en opvoed met die oog op gesonde emosionele aanpassing van die kinders in hulle opgroei en grootwording. In 'n besondere mate moet die skool in wissel-

---

1. Goodenough, F.L. Anger in young children in Institute of child welfare monographs, 9, 1931.
2. Cooley, C.H. Human nature and the social order, hoofstuk 3.
3. Gesell, A. & Ilg, F.L. Child development, p. 34; Gesell, A. & Amatruda, C.S. Developmental diagnosis: normal and abnormal child development; Eichorn, D.H. & Jones, H.E. Maturation and behavior in Current psychological issues, 211-248, 1958.
4. Anon. Citizens growing up at home, in school and after in Great Britain. Ministry of education, 16(7), 1949.

werking met die gesin tree. Daarom moet gesin en skool, gesamentlik en afsonderlik, t.o.v. kinders wat alreeds gevoelsafwykings vertoon, voldoen aan hulle behoeftes aangesien hulle baie gevoelig is vir die oordeel van andere, vir pla en terg. Hulle sin vir humor moet sorgvuldig gekweek word; hulle gewetens wat afgestomp is, moet heropgevoed word; hulle vermoë om tussen goed en kwaad, netheid en slordigheid ens. te onderskei moet ontwikkel word; en hulle moet erkenning kry vir prestasies op verskillende gebiede in die skool, want dit inspireer tot beter dinge, dit gee 'n gevoel van eiewaarde en versterk selfvertroue en het 'n positiewe neerslag op die denke en strewingslewe. Die basiese behoefte is egter liefde en simpatieke leiding deur 'n opvoeder wat die belewingswêreld en belewingsprobleme van die leerling verstaan, want dit is voorwaarde vir die normale ontwikkeling van die gevoelslewe en vir skolastiese aanpassing.

(ii) Gedragsafwykende leerlinge het 'n innerlike behoefte daaraan om deur hulle ouers <u>besit</u> te word, om te voel dat hulle „behoort" en dat hulle in liefde aanvaar word. Hulle wil die sekerheid hê dat wat hulle ouers vir hulle voel, van hulle dink en vir hulle in hulle algemene en besondere versorging doen, daaruit spruit dat die ouers vir hulle omgee, hulle wil beskerm, help en 'n veilige hawe wil bied. Al hierdie dinge en nog meer verskaf, en versterk, innerlike sekuriteit en stabiliteit; maak kinders emosioneel bestendig, rustig, selfwerksaam, belangstellend en bedagsaam teenoor mense om hulle; en lei daartoe dat die aanpassing in die skool spontaan plaasvind en dat sosiale bruikbaarheid toeneem.

(iii) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan normale ouerkindverbintenis en -verhoudinge. By hierdie kinders is daar geen plek vir misplaasde ouerliefde wat bv. kan lei tot moeder-fiksasie nie. Die wesentlike behoefte is gesonde emosionele versorging in ouerliefde, wat alle onnatuurlike kind-ouerverhoudinge moet voorkom en elimineer[1].

---

1. Birch, D.A. A motivational interpretation of extinction in <u>Nebraska symposium on motivation</u>, 179-199, 1961; Razran, G. Extinction re-examined and re-analyzed. A new theory in <u>Psychological review</u>, 63: 39-52, 1956; McCleary, R. Creative teaching of problem children in <u>Journal of offender therapy</u>, 8(2), 1964; Mowrer, O.H. On the dual nature of learning - a reinterpretation of "conditioning" and "problem-solving" in <u>Harvard educational review</u>, 17: 102-148, 1947.

(iv) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan ewewigtige ouers wat bestendig en gelykmatig is in hulle houding en gedrag teenoor hulle kinders. Die vrug van ewewigtige gevoelsverhoudinge, wat spruit uit emosionele volwassenheid van ouers, is 'n versterking van die gevoel van veiligheid en toenemende beheersing van emosionele en aggressiewe impulse by kinders, en dit bevorder prestasie in hulle skoolwerk[1)].

(v) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan saamwerk, -speel en -geniet sonder die jaloesie[2)], wat soms tussen broers en susters so hoog opvlam. So ver moontlik moet ongesonde kompetisies en inter-individuele vergelyking van kinderprestasies uitgeskakel word. Die behoefte hier is kompetisie met die self as motivering vir selfverbetering.

(vi) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan 'n gesinseenheid waar 'n vader en moeder mekaar liefhet in 'n atmosfeer van intieme geborgenheid[3)]. Geen geskille tussen ouers moet ooit in die teenwoordigheid van hulle kinders besleg word nie. So 'n kern van intieme geborgenheid is die noodsaaklike voorwaarde vir gesonde opgroei en grootword van kinders en vergemaklik aansluiting by alle situasies van die samelewing. Op hierdie fondament kan ook die skool voortbou aan die wordende persoonsroeping van die kind.

(vii) Gedragsafwykende leerlinge het 'n besondere behoefte aan 'n ewewigtige, volwasse en volwaardige moeder wat haar taak en roeping as vrou en moeder in sowel haar huisgesin as daarbuite ken. Na haar voorbeeld word die gesinsverhoudinge geleidelik diensbaar gemaak aan die gemeenskap. Op hierdie wyse word 'n positiewe gesindheid teenoor die skool by die kind bevorder.

(viii) Alle leerlinge, maar gedragsafwykendes in besonder, het behoefte aan gesondgerigte ouerliefde wat geen inhibisies, ouerprojeksies en motiveringe inhou van dit wat ver bokant die kind se vuurmaakplek volgens sy vermoëns, talente ensovoorts is nie. Indien gedragsafwykende leerlinge die enigste kinders of „laatlammetjies" is, moet hulle beskerm word teen oueridentifisering en die nadelige gevolge daarvan, ten einde hulle die volle geleenthede te bied om elkeen volgens sy eie po-

1. Reed. Anxiety: The ambivalent variable in Harvard educational review, 30: 141-153, 1960.
2. Vollmer, H. Jealousy in children in American journal of orthopsychiatry, 16: 660-670, 1946; Van Dijk. Mens en medemens, p. 94.
3. Ibid.

tensiaal, harmonies te groei en ontwikkel. Ook in die skool moet daar geen plek wees vir gemaksug, wilslapte en werkskuheid nie[1].

(ix) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan gelowige ouers wat hulle verantwoordelikheid ken, die volle implikasies van die doopbelofte naleef, die opvoeding in hulle huisgesinne self behartig, en steun gee aan die taak van die kerk en die skool.

(x) Gedragsafwykende leerlinge het behoefte aan ferme, beginselvaste, simpatieke ouers en ander opvoeders wat verwenning deur misplaasde liefde vermy. Sulke ouers lei en voed hulle kinders op om te aanvaar dat arbeid adel, dat teleurstellings aanvaar en oorwin moet word, maar ook om dankbaar te wees in voorspoed[2].

(xi) Hierdie kinders het behoefte aan ouers wat lojaal is teenoor die skool: daar moet nooit van die onderwysers en die skool sleg gepraat word in die teenwoordigheid van sulke kinders nie en nog minder moet die kant van die kinders gekies word teen onderwysers, want dit lei tot tugprobleme en skaad die kind se skoolwerk.

(xii) Gedragsafwykende kinders het behoefte aan ouers en ander opvoeders wat hulle aanvaar soos hulle is. Veral gedurende opgroei en grootword, en wil hulle nie langer soos klein kindertjies vertroetel, beskerm, aangespreek en behandel word nie. Hulle het behoefte daaraan om selfstandig op te tree en wil wys dat hulle oor inisiatief beskik en kan byhou, ook in die skoolwerk, maar hulle het ook behoefte aan 'n veilige hawe waarheen hulle met vrymoedigheid kan vlug om bemoediging en raad.

(xiii) Hierdie leerlinge het behoefte aan ouers en ander opvoeders wat goeie orde en gang in hulle daaglikse lewe het en wat hulle kinders kan opvoed tot 'n ordelike lewe onder die norm van liefde[3].

---

1. Kenworthy. Extra-medical service in the management of misconduct problems in children in Mental hygiene, v(4): 729, October, 1921.
2. Dreikurs. Hoe voedt ik mijn kind op? p. 31, 32.
3. Anon. Citizens growing up at home, in school and after, p. 8; Staver, N. The child's difficulty as related to the emotional problem of the mother in American journal of orthopsychiatry, XX111: 140, 1950.

(xiv) Gedragsafwykende leerlinge het beslis behoefte aan volledige gesinne. Waar die gesin tog onvolledig is moet die moeder, by onstentenis aan 'n vader en indien nodig, leiding en hulp kry ter vervulling van haar taak en roeping om moedergesag te laat geld by die opvoeding van haar kinders volgens die liefdenorm. Die stiefkind-stiefvader-stiefmoeder-situasie moet voorkom word deur verstandige en begrypende liefde, veral t.o.v. die belewingsprobleme van die „stiefkindgedragsafwykende".

(xv) Alle leerlinge, maar veral die gedragsafwykendes, het behoefte aan opgevoede en verantwoordelike, wets- en normgehoorsame ouers, met die oog op die skep van gunstige omstandighede vir groei en ontwikkeling, doelgerigte vorming en aanpassing van die kind.

(b) <u>Behoeftes spruitende uit die groei en ontwikkeling van die kind</u>

Namate die kind ouer word, en veral tydens adolessensie, neem sy behoefte toe aan:-

(i) 'n Selfbeheerste vader wat sy gesinslede in liefde regeer. By die puber ontlok hierdie gedrag gunstige reaksies in sy tog na selfstandigheid wat dikwels besaai is met struikelblokke. Die vaderfiguur en -gesag ontvang eer, respek en word as't ware die „heldefiguur" in sy gesin.

(ii) 'n Aktief belangstellende vader, wie se gedrag en optrede tot insiatief en vaardigheid stimuleer. Die gedragsafwykende kind wil graag „saam" met sy vader wees, en hy smag na erkenning van eiewaardigheid en selfstandigheid. Waar die vader faal, moet die onderwyser hom vervang.

(iii) Die hardwerkende vader, wie se voorbeeld nagevolg kan word, want na sy daaglikse arbeid keer hy terug na sy „vlugheuwel"[1] van gesinsliefde, warmte en saamdoen waar hy waardering en arbeidsvreugde ervaar t.o.v. roepingsbewustheid en altruïsme vir sy gesin.

(iv) 'n Moeder wat die feit aanvaar dat haar kind grootword en hom of haar aldus behandel[2], maar wat steeds 'n veilige hawe van moederliefde bied; wat met haar dogter en seun as volwassene saamleef, maar sonder om haar op te dring; en wat taktvol differensieer in die behoeftes van haar kinders, maar steeds in liefde regverdig bly.

---

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 94.
2. Levy. Maternal overprotection, p. 180-183.

(c) Behoeftes spruitende uit die gemeenskap en maats van die kind

(i) Die behoefte aan 'n ordentlike en menswaardige behuisingskema wat voldoen aan alle higiëniese vereistes, met genoeg ruimte, privaatheid, en wat die vernaamste fasiliteite bied om 'n trots by sulke kinders te ontwikkel.

(ii) Die behoefte aan 'n menswaardige lewensstandaard.

(iii) Die behoefte aan 'n gesonde gemeenskapslewe waarvan 'n gesonde gesinslewe die kern vorm. Hierdie voorreg is elke kind se eersgeboortereg want die gesinsliefde is die stewige sement vir elke kind se wordende, gebalanseerde persoonlikheisroeping in 'n geordende gemeenskapslewe.

(iv) Elke kind, en veral die gedragsafwykende kind het die behoefte om volgens sy geskape aard en ewigheidsbestemming in 'n gemeenskap op te groei, gevorm en ontwikkel te word waarin die Godgegewe wette en norme waargemaak moet word in alle mense se denke, gevoelens en handelinge. Die kerk, geloof en godsdiens moet 'n sentrale plek beklee in almal se lewens.

(v) Die behoefte aan gesonde lewensgewoontes, -gebruike, vrye tyd en ontspanning, en 'n kulturele lewe wat veranker is in die volkserfenis en -roeping en wat 'n gemeenskapsgevoel, -denke en -oortuiging sal ontwikkel wat berus op sedelike grondslae volgens Bybelse beginsels, sodat hy gemotiveer word om, o.m., die verkeerde en slegte te vermy en te bestry en produktief besig te wees tot eer van God.

(vi) Die behoefte aan 'n gesond-georganiseerde gemeenskap waarin volwassenes en kinders vaste lewensankers het en almal in wisselwerking met mekaar is, waar die impak van die milieu en maats 'n sterk positiewe invloed uitoefen.

(d) Behoeftes ten opsigte van die skool

Waar die gesin, die gemeenskap en die gewone skool gefaal en moontlik selfs aanleiding tot sy toestand kon gewees het, het die gedragsafwykende kind behoefte aan 'n besondere skool wat daarvoor ingerig en daarop toegespits is om hom na die regte pad terug te bring. Aan hierdie skool stel hy die volgende eise:

(i) Dit moet 'n kosskool wees waarheen die kind onttrek kan word aan ongunstige gesins-, maatskaplike- en skoolfaktore wat bygedra het tot sy toestand, en waarin die mees gunstige toestande geskep word vir sy herstel en rehabilitasie.

(ii) Dit moet voorsien wees van 'n sielkundige kliniek wat spesifiek ingestel is op die diagnostisering en remediëring van sy toestand.

(iii) Die onderwys moet enersyds gerig wees op remediële werk met die oog op skolastiese aanpassing, maar andersyds op voortsetting van die gewone onderwys sodat die kind by desertifisering sonder verlies na die gewone skool kan terugkeer, of tot die beroepslewe kan toetree.

(iv) Die skool moet aan die volgende eise voldoen:

1) Dit moet 'n veilige, geborge tuiste skep waar leerlinge liggaamlik en geestelik versorg word;
2) dit moet in sy onderrig aansluit by die klinies-sielkundige behandeling;
3) dit moet skolasties heraanpas en opvoed;
4) dit moet arbeidsterapie bied;
5) dit moet sport en ontspanningsgeleenthede bied;
6) dit moet ruim geleenthede vir sosiale aanpassing bied; en
7) dit moet beman wees met opvoeders wat waarlik plaasvervangende ouers is, wat die kind se probleme ken en hom met insig en begrip en met liefde benader.

Samevatting

In hierdie hoofstuk is die oorsake van gedragsafwykinge uiteengesit en daaruit is die besondere behoeftes van gedragsafwykende leerlinge afgelei. Dit is duidelik dat 'n besondere skool, 'n kliniekskool, nodig is waar kinders onder beheerde omstandighede, weg van veroorsakende faktore vir hulle toestand, heropgevoed, genees en sielkundig benader kan word. Dit is die taak van 'n kliniekskool om in hierdie behoeftes te voorsien. Die behoeftes van die gedragsafwykende leerlinge sal derhalwe 'n besondere bydrae lewer tot die bepaling van die norme waaraan 'n kliniekskool moet voldoen.